# Hoofstuk van die dag: Numeri 5

> *Die priester moet haar dan nader bring en in die teenwoordigheid van die Here laat staan. (vers 16)*

Ons sal vandag heelwat vrae oor die metode hê waarop die waarheid vasgestel is, o.a. oor die feit dat slegs die vrou se

woord só getoets is. Maar met een aspek van hierdie ondersoek kan ons nie fout vind nie, en dit is dat dit nie in die openbaar geskied het nie. Net die priester was teenwoordig, en natuurlik die Here. So is enige moontlikheid van massahisterie vermy. Die optrede van Josef, toe hy uitgevind het Maria is swanger, was in lyn hiermee (Matt 1:19).'n Geval waar dit heeltemal anders verloop het, is natuurlik waar die skrifgeleerdes en Fariseërs 'n vrou in 'n openbare verhoor voor Jesus gebring het (Joh 8).
Mense is nie geneig om billik en regverdig te wees wanneer hulle seergemaak, kwaad of jaloers is nie. In só 'n geval wil mense terug seermaak en verwond. Maar, soos Paulus ons herinner, die wraak kom ons nie toe nie. Dit is God se prerogatief (Rom 12:19).
Daarom leer Jesus ons om mense nie in die openbaar oor hulle sonde te konfronteer nie (Matt 18:15-22). En as jy dit doen, onthou dan dat God, nie jy nie, die Regter is.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026